Ontmoeting 6

Judas

Kinders besef dat Jesus ons vergewe het, so ons moet mekaar ook vergewe

Teks: Matteus 26:14–16, 20, 25–28
Hulpmiddels:

- Reël die week vooraf dat almal munte saambring
- Speel-klei
- Gekleurde papier, gom, penne en inkleurkryte
- Kopieë van die uitdeelstukke

Welkom

- Gebruik weer die dissipelkaarte, maar steek vooraf die Judas-kaartjie weg. Laat die groepe na die kaarte kyk en dan raai watter dissipel nie daar is nie. Hulle moet dan as groep saamwerk om die kaartjie (binne 3 minute) te gaan soek en te kyk of hulle reg geraai het.
- Sit muntstukke in 2 bakke water. Hulle verdeel in 2 spanne (of in meer spanne as daar meer kinders is). Elke span kry 2 breipenne of stokkies waarmee hulle dan munte moet uithaal. Die spanne tel dan hulle munte se rand-waarde op. Die span wat die meeste geld (rand-waarde) uitgehaal het, wen. Die geld word geskenk vir die uitreik-projek (hierdie jaar s' n of jul groep se eie projek).
- Of speel 'n speletjie waar die spanlede vir mekaar munte met breinaalde of sosatiestokkies moet aangee.
- Munte vang: Maak vooraf 2 visstokke met 'n magneet as hoek aan die punt van die lyn. Spanlede moet dan munte uitvis uit 'n houer.
- Laat die kinders kyk hoe ver hulle munte kan rol of hoe lank hul munte kan tol.
- Sit 'n munt op jou voorkop en vervoer dit van punt A na punt B
- Doen Judas se handgebaar

Vandag gaan ons die storie hoor van 'n dissipel wat iets hartseer gedoen het.

Wyding

Stilword-ritueel: Dink oor iets wat jy gedoen of gesê het die afgelope paar dae wat 'n ander mens seergemaak of hartseer laat voel het. Kan jy aan iets dink wat jy verkeerd gedoen het? Of dink aan 'n keer wat jy ongehoorsaam was. Bid elkeen by hom/haarself en vertel vir Jesus hiervan.

Deel 'n broodjie in die groepie met mekaar en sê vir mekaar die woorde: "Jesus vergewe jou!" (Of doen hierdie wydingsmoment aan die einde van die ontmoeting.)

Woord

Matteus 26:14–16, 20, 25–28 (diebybel@kinders)
(Verduidelik vooraf dat die woord "verraai" beteken om iemand onregverdiglik te beskuldig, hulle vertroue te verbreek, te jok oor hulle of jou belofte aan iemand te verbreek. Gebruik 'n stuk brood en glas sap of dek 'n nagmaaltafel terwyl jy vertel.)

"In hierdie tyd het Judas Iskariot, een van die twaalf dissipels, stil-stil na die leiers van die priesters gegaan. Hy sê vir hulle: 'Hoeveel sal julle my betaal as ek julle help om Jesus te vang?' 'Dertig silwer muntstukke,' antwoord hulle. Van toe af het Judas begin soek na die regte oomblik om Jesus te verraai.
Net na sononder het Jesus en sy twaalf dissipels die Paasete saam geëet. Terwyl hulle eet, sê Jesus: 'Een van julle gaan my verraai.' Hierdie woorde het die dissipels baie hartseer gemaak. Hulle sê toe vir mekaar: 'Dit kan tog nie ek wees nie.'
Judas vra toe vir Jesus: 'Gaan ek U dalk verraai?' 'Ja, dit is jy!' antwoord Jesus.
Terwyl almal eet, vat Jesus 'n stuk brood. Hy sê vir God daarvoor dankie en gee vir elkeen van die dissipels 'n stukkie brood met die woorde: 'Vat dit en eet! Want dit is my liggaam.' Toe vat Jesus die beker met die wyn. Weer sê hy vir God daarvoor dankie en gee dit aan die dissipels met die woorde: 'Dit is my bloed. Ek gaan my bloed vir julle gee sodat God nie meer kwaad is oor julle sonde nie.' "

Vir ouer kinders:
(Verduidelik kortliks die simboliek van die brood en die wyn m.b.v. 'n stuk brood en 'n glasie sap.)

- Jesus het aan die kruis gesterf met sy liggaam (brood).
- Sy bloed het gevloei (sap/wyn).
- Die brood en wyn herinner ons aan Jesus wat vir al ons sonde betaal het.
- Jesus vergewe jou; maak nie saak wat jy gedoen het nie.
- Jesus aanvaar jou al het jy 'n fout gemaak of al het jy 'n slegte verlede of reputasie. Daarom kan ons ook onsself en ander vergewe.
- Jesus het die nagmaal gegee as simbool om ons aan sy vergifnis en liefde te herinner.

Ek wonder hoekom het Jesus vir Judas ook nagmaal gegee? (Moontlike antwoord: Hy het Judas vergewe, al kon Judas later homself nie vergewe nie.)

(LW: Selfdood is 'n baie sensitiewe onderwerp en die dood is ook soms vir kinders moeilik om oor te gesels en te verstaan. Gebruik dus goeie oordeel wanneer jy besluit of jy van Judas se dood wil vertel. Indien kinders oud genoeg is, kan 'n mens kortliks vertel dat Judas Jesus toe wel verraai het vir 30 silwer muntstukke. Toe hy besef dat die godsdienstige leiers Jesus gaan doodmaak, het hy baie sleg gevoel daaroor en die geld vir hulle probeer terugneem. Hulle wou egter nie van plan verander nie. Judas het toe so sleg gevoel oor sy keuses dat hy homself gaan ophang het. Selfdood is nie nodig nie, want Jesus het ons sondes vergewe. As jy so voel, is dit 'n goeie idee om met 'n grootmens wat jy vertrou daaroor te praat.)

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoekom wou Judas vir Jesus verraai.
2. Ek wonder hoe het Judas gevoel toe hy besef Jesus weet van sy planne om Hom te verraai.
3. Ek wonder hoe sou jy die verhaal wou laat eindig.
4. Ek wonder of jy al ooit sleg gevoel het oor iets wat jy gedoen het.

Werskaf

- Verbind die kolletjies: brood en wynglas.

Ouer kinders:

- Hulle kan saam eet en kos met mekaar deel. Sê vir mekaar die woorde: "Jesus het jou vergewe en jy is sy kind."
- Plak die kruis waarop staan "ten volle betaal" met muntstukke/bruin papier/boombas of kleur die kruis in, of trek muntstukke af op die kruis en skenk die geld.
- Bring ekstra munte vir kinders wat nie gebring het nie.

Sluit af met die seënbede

ten volle betaal




19
18
17
16
20
15
21
14
22
13
23
27
26
24
12
28
29
25
11
30
10
31
32
9
8
33
1
2
3
4
5
6
7